**PROMOSIE / JACARANDA 94.2**

# 'n Dubbele oor-dosis

**Martin Bester en Riva Schoeman streel die senuwees van verkeersitters, kosmakers en moeë werkers met hul radioprogram aan die einde van elke weeksdag.**

1 ná jare in die radiowêreld is Riva Schoeman en Martin Bester, die mede-aanbieders van Jacaranda 94.2 se gewilde *Afternoon Drive Show*, vol staaltjies oor die snaaksighede wat soms in die ateljee afspeel.

2 "'n Wildvreemde man het eendag by die ateljee ingebars terwyl ek op die lug was, op sy knieë gegaan en my gevra om te trou!" vertel Riva. "Ek het my byna doodgeskrik. Ons weet nou nog nie hoe hy verby sekuriteit gekom het nie. Ek het toe maar nie ja gesê nie."

3 Martin vertel ewe geamuseerd dat hy al self 'n paar absurde oomblikke agter die mikrofoon beleef het. "'n Pel van my het my eendag gebel sonder dat hy geweet het ons is regstreeks op die lug. Jy kan jou net indink . . ."

4 Maar die twee neem vreemde gebeure met 'n knippie sout en laat hulle nie sommer van stryk bring nie. Hulle is gesoute radiomense en ken die binnekant van die ateljee so goed soos hul eie voorhuis: Martin werk al vier en 'n half jaar vir Jacaranda 94.2 en Riva twee jaar.

5 Die twee vermaak luisteraars elke weeksdag tussen 16:00 en 19:00 met hul grappies, geselsies en die grootste musiektreffers uit die jare '80 en '90 en hulle sê met selfvertroue die program bied "hoofsaaklik pret".

6 "Die stemming van ons program is lig en gelukkig. Mense is op pad terug huis toe en nie lus vir iets wat te swaar of ernstig is nie," verduidelik Riva. Martin stem saam: "Ons wil seker maak dat dit nie saak maak hoe besig jou dag was of hoe swaar die verkeer is nie, jy kan pret hê saam met ons en 'n bietjie smile."

7 Dit is die dinamika tussen die twee wat so aansteeklik is, verduidelik aanhangers hul wenresep. "Dis 'n fees om saam met Martin te werk, sê Riva. "Ek dink die geheim is ons verstaan mekaar absoluut en ons is baie goeie vriende. Ons ken mekaar goed – ons weet elk hoe die ander een dink." Martin skryf die gedugte kombinasie toe aan hul gedeelde humorsin. "Dis ook te danke aan respek vir mekaar en die afwesigheid van groot ego's."

8 Martin het sy radioloopbaan by die kampusradiostasie van die Universiteit van Port Elizabeth begin en Riva het haar eerste geleentheid agter die mikrofoon by Ofm gekry. Hul program op Jacaranda 94.2 is volgens Riva veral gemik op vroue tussen 25 en 45, maar soos Martin sê, "ons mark is almal wat 'n goeie humorsin het."

Die *Afternoon Drive Show* is maar een van die programme op Jacaranda 94.2 wat luisteraars bankvas langs die radio hou. Meer as 2,4 miljoen luisteraars skakel weekliks op die stasie se programme in en sy golwe bereik Gauteng, Limpopo, Mpumalanga en Noordwes. As jy jou 9 egter in 'n ander provinsie bevind, hoef die dae nie stil en leeg voor jou uit te strek nie – Martin, Riva en hul mede-omroepers by Jacaranda 94.2 kan ook via die stasie se webtuiste (www.jacarandafm.com) en kanaal 55 op DStv gehoor word.

Martin sê die grootste uitdaging van die radiobedryf is dat "kommersiële radio baie mededingend is, veral in Gauteng". Riva, weer, meen dit bly 'n uitdaging "om nooit, ooit vervelig te raak nie, om elke dag iets nuuts te doen en om 10 nie op 'n af dag af te klink nie". "Ons moet altyd oorspronklik bly," beklemtoon sy.

Maar die werk is vol hoogtepunte, hou hulle vol: "die baie lag", die "amazing mense" en lojale luisteraars wat hulle gereeld ontmoet. "Ek het al van my ikone soos Brian May en Roger Taylor van Queen ontmoet," sê Martin opgepluk. 11

Wanneer hulle nie agter die mikrofoon is nie, is die twee net so besig. Martin, wat op sy eie woon, speel gholf en geniet "movies en live musiek". Riva, wat ma van twee is, 12 is mal oor skubaduik. "Ek het twee wonderlike seuns, Ruben (13) en Samuel (10), en ma-wees is op sigself 'n full time job!" sê sy.

Die twee is musiekkenners en ken dié wêreld van hoek tot kant. Riva sê sy luister na 'n wye verskeidenheid musiek – "amper alles" – en Martin beaam hy het 'n wye smaak. Hy sonder tog 'n paar gunstelinge uit: "Ek hou van als van The Offspring tot U2, George Michael tot Bob Mar- 13 ley. Ek hou ook baie van Watershed en Freshlyground."

Jacaranda 94.2 is vir die twee meer 'n liefde as 'n werk en hulle sê albei dis fantasties om vir die "dinamiese sta- 14 sie wat soveel verskillende goed vir soveel verskillende mense beteken" te werk.

Martin som hul gehegtheid aan dié radiostasie só op: "Dis 'n voorreg om agter die mikrofoon te wees, nie 'n job nie. Ek perform en vermaak maar net en dan is daar die 15 mikrofoon wat dit optel. So, basies werk ek nie!"

IEB Copyright © 2007 





## IN DIE ARMS VAN DIE NAG

**Deur Bacchus Nel**

Snitte soos "Raam dit met die son", "Herfsman" en "Treine" laat jou besef hier is 'n kunstenaar wat weet hoe om woorde te vleg. Dis drie van die twaalf op 'n genotvolle debuutaanbod sonder vrot kolle. Nel se aanslag is akoesties (maar rock dié kan hy, soos op "Depot Provera"). Die eenvoud van die toonsettings gee sy openhartige lirieke plofkrag. 'n Lekkerluister-CD. Die toonsettings alleen behoort dit 'n wye gehoor te gee, maar daar is stof tot nadenke vir diegene wat 'n bietjie dieper delf.

## EK HERHAAL JOU

**Deur Chris Chameleon**

Dié CD – toonsettings van Ingrid Jonker se gedigte deur die voorsanger van die (voormalige) groep BOO! – is volgens my beskeie mening waarskynlik die grootste en/of belangrikste enkele bydrae wat 'n individu ooit gemaak het om Jonker se skryfwerk blootstelling te gee. Hier is veertien van haar gedigte met veertien van sy *tunes* wat dit nuwe lewe gee. Chameleon verdien eervolle vermelding. Manjifiek getoonset: getrou aan die digterlike ritme, met deernis en respek, maar ook verfrissend oorspronklik. Sy ongelooflike stem – moeiteloos tussen falset en bariton – verryk die eindproduk.

'n Skitter-CD, 'n plaaslike hoogtepunt van 2005!

## STOOMRADIO

**Deur Radio Kalahari Orkes**

Is dit ernstig of sommer net? Die rede vir dié vraag is dat die kern van RKO (tien of so) uit drie bekende akteurs bestaan – die driestuks van Castrol se gewilde *Can-of-the-best*-veldtog. Is RKO daarom bloot 'n bemarkingsfoefie omdat Ian Roberts en sy twee TV-pelle in die groep is en die omstrede Rian Malan (van *My Traitor's Heart*-faam) die lirieke geskryf het? Wie kan sê? Soos hy hier klink, is RKO se *Stoomradio* heerlik anders. Die plaaslike aroma is daar in boeremusiek en goema. Dis gekrui en gespesery met 'n skeppie *country* en 'n spatseltjie *blue grass*. Interessant, proe gerus. Sal net wil weet of ons na dese weer van RKO gaan hoor?

IEB Copyright © 2007




* 'n wydloper is te ver van die kolwer af geboul

* 'n bylopie word verkry sonder dat die kolwer die bal geraak het

# Afrikaans KOOK!

1 **Gooi dit, meng dit, proe dit op jou tong... smul aan die sappigste stories, peusel aan die pittigste sêgoed, peper dit met die lekkerste kruie en moet nooit weer jou woorde sluk nie, want Afrikaans kook!**

2 Die ATKV loop al 'n lang pad saam met Afrikaans en ons kan vandag, net mooi 75 jaar later, met trots sê ons het help roer aan ons lekkerbek-fynproewerstaal om te sorg dat die Afrikaanse gemeenskap een van die hoofbestanddele van die Suider-Afrika hutspot bly.

3 Ons 75ste bestaansjaarvieringe behels onder meer 'n reeks multikulturele Afrikiti's wat regdeur die jaar landwyd aangebied word deur 'n klomp bekende kunstenaars - sommige in lewende lywe, ander in virtuele vorm.

4 Kom kuier op ons webwerf en vind uit hoe en waar Afrikaans oral kook, of bel ons by 011 919 9000, of tolvry by 0800 002 209.


**www.atkv.org.za**

TROTS SUID AFRIKAANS

ATKV
75 jaar








IEB Copyright © 2007